



Dié vatlappies word van ongebleikte, dik katoen gehekel en lyk beslis spoggeriger as gewoonlik

RONDE VATLAP MET GOLFPATROON

BENODIGDHEDE: Ongeveer 100 g Twilley's D42-katoengaring; hekelpen van 4 mm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; sluit-gs - glipsteek om rondte af te sluit; herh - herhaal; beg - begin; vlg - volgende; st(e) - steek(steke); goh - garing oor hekelpen; spms - springmielisteek; sp(s) - spatie(spasies)

AANWYSINGS: 1e rondte: 8 ks, sluit-gs.

2e rondte: 1 ks (vir 1e kb), hekel nog 11 kb in ring (12 ste altesaam), sluit-gs.

3e rondte: 1 ks (vir 1e kb), 2 kb in elk van vlg 5 ste, 1 kb in vlg st, 2 kb in elk van vlg 5 ste, sluit-gs — 22 ste.

4e rondte: *5 ks, slaan 2 ste oor, 1 kb in vlg st*; herh van * tot * rondom, eindig met sluit-gs.

5e rondte: 3 ks, 1 lb in dieselfde st as beg-ks van vorige rondte maar in agterkant van werk, *2 lb in elk van vlg 2 kb van 3e rondte, 1 lb in vlg kb van vorige rondte, maar altyd in agterkant van werk*; herh van * tot * rondom, eindig met sluit-gs in bopunt van 3 beg-ks.

6e rondte: 1 ks (=1 kb), 1 kb in vlg st, *1 kb in vlg st, maar dit moet ook deur die spatie wat deur die kettingsteke in 4e rondte gevorm word, getrek word; 1 kb in elk van vlg 3 ste* herh van * tot * rondom, eindig met sluit-gs.

7e rondte: Soos 4e rondte.

8e rondte: Soos 5e rondte.

9e rondte: Soos 6e rondte. Herh rondtes 4 tot 6 nog 2 keer, hekel dan laaste rondte soos volg: *1 ks, *slaan 1 st oor, (1 kb, 3 lb, 1 kb) in vlg st*; herh van * tot * rondom, eindig met gs in beg-ks.

Hekel ongeveer 10 ks, gs aan buitenste rand vas om lus te vorm. Hekel kb oor ks om lus te verstewig. Knip garing af en werk netjies af.

VIERKANTIGE VATLAP

AANWYSINGS: 1e ry: Hekel 'n aantal ks deelbaar deur 3, plus 2 ks om te begin, bv. 32 ks.

2e ry: 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1 kb in elk van vlg ks, draai.

3e ry: 1 kb in 1e st, *5 ks, slaan 2 ste oor, 1 kb in vlg st*; herh van * tot * tot einde, 3 ks, draai.

4e ry: *1 lb in eerste kb van 3e rondte, steek pen vanaf agterkant deur, 1 lb in elk van vlg 2 kb, aan onderkant van spatie wat in 3e ry gevorm is, herh van * tot * tot einde, 1 ks, draai.

5e ry: 1 kb in vlg st, *1 kb in vlg st, maar steek hekelpen in spatie van 3e rondte in, 1 kb in elk van vlg 2 ste*, herh van * tot * tot einde van ry, 1 ks, draai.

6e ry: 1 kb in elk van vlg ste, tot einde van ry, 1 ks, draai.

7e ry: Soos 3e ry.

8e ry: Soos 4e ry.

9e ry: Soos 5e ry.

Herh 6e, 7e, 8e, 9e ry tot werk 26 rye

lank is.

Hekel 2 rondtes kb.

Hekel ongeveer 10 ks, gs aan buitenste rand vas om lus te vorm. Hekel kb oor ks om lus te verstewig. Knip garing af en werk netjies af.

VATLAP MET PICOTRAND

AANWYSINGS: 1e rondte: Hekel 8 ks, sluit-gs.

2e rondte: 3 ks (vir 1e lb), 3 lb, trek hekelpen uit laaste lus, en steek dit deur bopunt van 3 begin-ks, tel gevalde lus weer op, goh, trek deur albei lusse — springmielisteek (spms) gevorm — *2 ks, 'n 4-lb-spms*; herh nog 6 keer — daar behoort 8 spms in 2e rondte te wees; sluit-gs.

3e rondte: gs tot in vlg sp, 3 ks (vir 1e lb van eerste spms), voltooi 1e spms, 2 ks, *1 spms op vlg spms van vorige ry, 2 ks, 1 spms in 2-ks-sp, 2 ks*; herh rondom — 16 spms.

4e rondte: 1 ks vir 1e kb; in elk van vlg sps hekel 3 kb rondom, eindig met gs in beg-ks.

5e tot en met 11e rondte: 1 ks (vir 1e kb), 1 kb in elke st, vermeer 'n paar kb in elke rondte om werk plat te hou.

12e rondte: *1 kb in elk van vlg 5 ste, 1 picot (=3 ks en 1 gs in 1e ks)*; herh rondom, sluit-gs.

Hekel ongeveer 10 ks, gs aan buitenste rand vas om lus te vorm. Hekel kb oor ks om lus te verstewig. Knip garing af en werk netjies af. ●